trane uit en sê: Ek glo, Meester, kom my ongeloof te hulp! 25 En toe Yahshua sien dat 'n skare bymekaar stroom, het Hy die onreine gees bestraf en vir hom gesê: Jou stom en dowe gees, Ek gebied jou, gaan uit hom uit en kom nooit weer in hom nie. 26 En nadat hy geskreeu en hom baie stuiptrekkings laat kry het, het hy uitgegaan. En die seun het soos 'n dooie geword, sodat baie gesê het: Hy is dood. 27 Maar Yahshua het hom by die hand gegryp en hom opgerig; en hy het opgestaan. 28 En toe Hy in die huis kom, vra sy dissipels Hom afsonderlik: Waarom kon ons hom nie uitdryf nie? 29 En Hy sê vir hulle: Hierdie geslag kan deur niks anders uitgaan as deur gebed[1] nie. 30 En hulle het daarvandaan weggegaan en verbygetrek deur Ghaliel; en Hy wou nie hê dat iemand dit moes weet nie. 31 Want Hy het sy dissipels geleer en vir hulle gesê: Die seun van die mens word oorgelewer in die hande van die mense, en hulle sal Hom doodmaak; en nadat Hy doodgemaak is, sal Hy die derde dag opstaan. 32 En hulle het die gesegde nie verstaan nie en was bang om Hom uit te vra. 33 En Hy het in Kefar-Nagum gekom; en toe Hy in die huis was, vra Hy hulle: Wat het julle op die pad met mekaar geredeneer? 34 Maar hulle het stilgebly; want hulle het op die pad met mekaar gepraat oor wie die grootste is. 35 En toe Hy gaan sit het, roep Hy die twaalf en sê vir hulle: As iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees. 36 En Hy neem 'n kindjie en laat hom in hul midde staan en slaan sy arms om hom en sê vir hulle: 37 Elkeen wat een van sulke kindertjies ontvang in my Naam, ontvang My. En elkeen wat My ontvang, ontvang nie My nie, maar Hom wat My gestuur het. 38 Toe antwoord Yahuganan Hom en sê: Meester, ons het iemand gesien wat in u Naam demone uitdryf en wat ons nie volg nie; en ons het hom belet, omdat hy ons nie volg nie. 39 Maar Yahshua sê: Moet hom nie belet nie, want daar is niemand wat 'n krag in my Naam sal doen en gou van My sal kan kwaadspreek nie; 40 want wie nie teen ons is nie, is vir ons. 41 Want elkeen wat vir julle in my Naam 'n beker water gee om te drink, omdat julle aan die Messias behoort, amein Ek sê vir julle, hy sal sy loon beslis nie verloor nie. 42 En elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is beter vir hom as 'n meulsteen om sy nek gehang en hy in die see gewerp word. 43 En as jou hand jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en in Ghehenna[2] te gaan in die onuitbluslike vuur,[3] 45 En as jou voet jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om kreupel die lewe in te gaan, as om twee voete te hê en in Ghehenna[4] gewerp te word. 47 En as jou oog jou laat struikel, pluk dit uit. Dit is beter vir jou om met een oog die koninkryk van Elohiem in te gaan, as om twee oë te hê en in die Ghehenna[1] van vuur gewerp te word, 48 waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie. 49 Want elkeen sal met vuur gesout word en elke offerande sal met sout gesout word. 50 Die sout is goed, maar as die sout souteloos word, waarmee sal julle dit smaaklik maak? Julle moet sout in julle hê en vrede hou met mekaar.

Markus 10:1 En Hy het opgestaan en daarvandaan deur die oorkant van die Yarden na die gebied van Yehudah gegaan; en weer het 'n skare by Hom vergader; en soos Hy gewoond was, het Hy hulle weer geleer. 2 Toe kom die Perushiem na Hom; en, om Hom te versoek, stel hulle Hom die vraag of dit 'n man geoorloof is om van sy vrou te skei? 3 Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Wat het Mosheh julle beveel? 4 En hulle sê: Mosheh het toegelaat om 'n skeibrief te skryf en van haar te skei. 5 En Yahshua antwoord en sê vir hulle: Vanweë die hardheid van julle harte het hy vir julle hierdie gebod geskryf, 6 maar van die begin van die skepping af het Elohiem hulle man en vrou gemaak.[5] 7 Om hierdie rede sal die

[1] 9:29 Die twee woorde, "en vas", wat in sommige vertalings voorkom, staan nie in die mees oorspronklike tekste nie.

[2] 9:43 Sien nota by Matt 5:22.

[3] 9:43 Die volgende woorde, wat in sommige vertalings twee maal in hierdie gedeelte (as vers 44 en ook as vers 46) voorkom, is nie deel van die mees oorspronklike tekste nie: "waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie."

[4] 9:45 Sien nota by Matt 5:22.

[5] 10:6 Vgl. Bereshiet 1:27